**Sondag 8 Februarie**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 6:11-18 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 6:16**

**Barmhartigheid en vrede: die resultaat van die lewe van die nuwe mens**

In ons fokusvers word twee woorde gebruik wat 'n mens dikwels hoor, maar waarvan die werklike betekenis nie altyd tot sy reg kom nie. Vir die wêreld beteken vrede dikwels dat mense nie meer met mekaar baklei of op mekaar skiet nie. Dit spreek nie altyd die hartsgesindheid aan nie. Dieselfde geld vir barmhartigheid. Ons praat maklik daarvan, maar as ek net 'n geldjie in 'n bedelaar se hand stop bloot omdat ek skuldig voel ... is dit werklike barmhartigheid?

So was daar ook mense in Galasië wat hierdie twee begrippe nie mooi verstaan het nie. Wat God se barmhartigheid en vrede gesien het as iets wat verdien moes word deur allerlei godsdienstige wette en reëls na te kom. Die besnydenis was veral 'n groot teologiese debat. Dis juis dit wat die apostel laat skryf: *"Of 'n mens besny is of nie, is nie van belang nie, maar dat jy 'n nuwe mens is."* 'n Nuwe mens is iemand wat in Christus gered en verlos en deur die Heilige Gees tot 'n nuwe lewe opgewek is (Rom. 6:4). Die implikasie hiervan? Die mens wat eens 'n vyand van God was en God se straf verdien het, en wat deur Christus God se barmhartigheid en vrede ontvang het (Rom. 5:8-11). Dis wat "vrede" hier beteken: nie bloot 'n wapenstilstand nie, maar alles wat spanning en skeiding tussen ons en God gebring het, is uit die weg geruim (Rom. 5:1). Die woordjie "barmhartigheid" is net so kompleks. Sommige verwys daarna as die openbaring van God se goedheid of goedertierenheid, ander as God se liefde of liefdestrou. By wyse van omskrywing kan mens sê God se barmhartigheid is die blywende, neerbuigende, troue, genadige liefde, barmhartigheid en goedgesindheid van God as die getroue Verbondsgod teenoor sy kinders (prof. PJ de Bruyn). Daardie liefde en barmhartigheid wat Hy betoon aan mense in ellende en nood.

Hiermee is barmhartigheid en vrede twee begrippe wat mens vul met ryke troos. Waar dit gaan oor ons redding en verlossing, waar ons eendag die ewigheid gaan deurbring, daaroor kan God se uitverkorenes rustigheid hê: God het in Christus voorsien. Waar dit gaan oor die lewe van vandag, want daar is baie dinge wat ons bang en bekommerd maak, onrustig en bevrees: die feit dat God barmhartig is, dat Hy ons met sy goedheid en liefdestrou versorg, gee vir ons innerlike kalmte en vrede. Mag ons God elke dag vir hierdie groot genade loof en prys.

*Sing: Psalm 103-1:2, 3*

*Ds. PC (Nelius) van Rooy (Elandskraal)*